# VOORBIDDING:

Geroep Gewillig Gestuur



**Wêreld**: Ghana en Nigerië. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkringeffek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Ntsiuoa Tsemane en die werk wat sy in Malawi doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld—ons bid veral vir die slagoffers van die gletserinstorting in Nepal en Tibet en die opruimingswerk.

**RSA & Dorp:** Christengemeenskap—verskillende kerke en leiers, Christenmense in hulle werk– en leefplekke. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energie-krisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Die provinsiale verkiesing in November.

**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. Energie en moed vir huisgesinne vir die laaste stukkie van 'n besige 3de kwartaal. Matrieks wat nog Rekordeksamen skryf.

**Baie geluk aan die volgende lidmaat wat vandag verjaar:** Lochline van wyk (Bon Chretien).

Bless a Baby
Your donation can go a long way

Kom haal klaargeknipte lappe by die kerkkantoor en help stik by die huis aan die Bless-a-Baby-sakke. Dankie aan al die getroue stiksters wat hierdie baie spesiale bediening aan die gang hou vanuit hul huise.




## Ons is 'n groen gemeente wat herwin!

In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energiebesparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring. Dan kan jy ook klere, beddegoed, handdoeke en lappe (in 'n goeie toestand) bring, skoon joghurthouers (en ander skoon kosverpakkings waarin Voedingsaksie kos kan bedien) en ook huishoudelike items in 'n goeie toestand wat op die Wit Olifante Tafel verkoop kan word of aan die ACVV se winkel, *Ampe Veniet*, geskenk kan word. Sporttoerusting en boeke is ook welkom.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

## 13 September 2026

Koninkrykstyd

Jaartema: SORG

| | |
|---|---|
| Erediens & Kategese | 09:30 |
| Tema | Met wie kan jy identifiseer? |
| Skriflesing | Lukas 18:9-16 |
| Prediker | Danie Goosen |
| Kategese-samevatting | 10:30 - kinders gaan kerksaal toe vir 'n kort samevatting |
| Koinonia Kafee | 10:30 - kuier verder saam in die vierkant met tee en koffie |
| Kerkbiblioteek | 10:30 - neem boeke uit by ons biblioteek in die vierkant |
| Tienerbyeenkoms | 18:00 - ontmoet Elzanne in die leeskamer |
| Diens by Bonheur | 18:00 - Danie Goosen |



## Uitnodiging na Vlokke se Clivia Opedag!

Louwtjie en Mathilda Vlok nooi die gemeente en vriende van die gemeente vriendelik uit na die Clivia Opedag te **Linnesstraat 4, Brandwacht.**
**Datums**: Donderdag 24 September en Saterdag 26 September
**Tye**: 09:30 - 12:00 en 15:30 - 17:30. **Bly ook vir 'n koppie koffie of tee!**

## Pastorale versorging in ons gemeente

Indien jy huisbesoek verlang, skakel asb enige van die leraars (Danie Goosen: 079 525 3624 of Elzanne van der Westhuizen: 074 144 9226) of die kerkkantoor (021 886 5975). Indien jy siek is of in die hospitaal is en besoek verlang, laat weet asseblief onverwyld die kerkkantoor. Jy kan ook jou wyk se dienswerker laat weet. *Ons onthou altyd ons visie se woorde – om mekaar in verhoudinge op te bou - ons wil graag sorg dra vir mekaar!*

**Nagskuiling-koepons** (R10) is by die kerkkantoor te koop en kan gegee word aan persone op straat wat dan by Nagskuiling kan oornag, 2 etes ontvang en kan stort.

KOINONIA

Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

**<u>ONS KANTOORURE is:</u>** Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

**PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 14/09 tot Sondag 20/09**

| | | |
|---|---|---|
| Ma 14/09 | | **US-klasse begin** |
| Wo 16/09 | 09:30 - 10:30 | **Geloofsgroei Byeenkoms (konsistorie):** Almal is welkom! Danie Goosen is die aanbieder. Na die tyd kuier ons verder saam in die vierkant. |
| Do 17/09 | 08:30 - 09:00<br>09:00 - 12:00 | **Sonderbriekers meld aan vir hul uitstappie na Houtbaai.**<br>**Naaldwerkbediening:** kom werk saam met die vroue van die Naaldwerkbediening aan projekte. |
| So 20/09 | <br>09:30<br>09:30<br><br>10:30<br>18:00<br>18:00 | **Koninkrykstyd**<br>**Erediens:** Elzanne van der Westhuizen<br>**UIT-Sondag vir ons kinders**: kinders kom eers saam met hul ouers kerk toe voordat hulle na die kerksaal gaan.<br>**Koinonia Kafee:** in die vierkant<br>**Tienerbyeenkoms**: ontmoet Elzanne in die leeskamer<br>**Diens by Bonheur:** Danie Goosen |

HUIS HORISON 50 Jaar 1974-2024
BEING • BELONGING • BECOMING

**Die deuroffer vandag gaan aan Huis Horison:** Huis Horison is 'n tehuis in Stellenbosch waar mense met primêr intellektuele gestremdheid lewenslank gehuisves en versorg word. Die tehuis is grootliks afhanklik van die steun van die gemeenskap. Heelwat inwoners het nie ouers of ander familie nie. Kom sluit aan by die *Kring van Vriende van Huis Horison* en help met projekte soos houtwerk, brei, naaldwerk, hekel, kaartjiesmaak, kralewerk en storieslees. Ons verteenwoordiger is Maria Mouton (mariamouton0@gmail.com / 072 376 7241). Huis Horison se nommer is 021 887 5080.

*Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. 1 Joh 5: 3-4*

Die deuroffer verlede week aan die Internasionale Studentebediening was R2 547-50.

***Baie dankie!*** Volgende week se deuroffer gaan aan die Bediening aan Jode.

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik.)



**Aangesien September tradisioneel ons Lentefeesmaand is en ons pas ons groot B-Aksie insameling gedurende Augustus gehad het, is daar nie spesifieke insamelings vir Barmhartigheid gedurende September nie.**

*Ons deuroffers gaan aan verskeie instansies, naamlik die Internasionale Studentebediening, Huis Horison, die Bediening aan Jode en Huis Ebenhaeser.*


**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za





**Datum**: 17 September
**Kostes:** GEEN
*(sorg net vir jou eie middagete – ons sorg wel vir ietsie kleins vir die pad)*
**Gaste is welkom!**
**Tyd**: Bus vertrek 09:00 vanaf die kerk *(meld 08:30 aan)*
**Terug**: rondom 15:00
**RSVP:** 14 September



## Verbly kinderhart met koek en klein presentjie

Jeuguitreik het 20 kinders wat nooit bederf word op hul verjaarsdae nie. Gee jou naam op by die kerkkantoor as jy op hierdie lysie van gemeentelede wil wees wat deur die loop van die jaar 'n koek en 'n presentjie op 'n kind se verjaarsdag wil skenk.

## Verblyf gesoek vir 'n teologiese student in 2027

Ons het die moontlike voorreg om weer in die komende jaar 'n teologiese student in ons gemeente te verwelkom en op te lei. Ons vra dat enigiemand wat weet van billik geprysde verblyf vir 'n student in die omgewing van die gemeente vir 2027, asseblief met die kerkkantoor sal kontak maak.

**Teken in op ons E-Nuusbrief:** Gaan na stelwel.co.za, kliek op "kontak ons" en kies "teken aan op ons E-nuusbrief". Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydae 'n vriendelike hallo-sê van die kerkkantoor met al die nuus.

## Huisgeloofblad vir gesinne

Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om 'n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of die DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus.

*Ons het weer die pragtigste gehekelde kombersies ontvang van kreatiewe vriendinne van die gemeente. Volgens hulle bly dit 'n voorreg om hierdie kunswerke te skep en te weet dit word uitgedeel aan kwesbare mense wat dit baie nodig het. Hierdie kombersies is die afgelope week na Paarl Hospitaal se Neonatale afdeling gestuur waar Mary Conradie dit aan behoeftige mammas met pasgebore babas sal skenk.*



**Is jy nuut by ons?** Kom gerus ná die diens na voor waar die predikant jou sal ontmoet en help met nuwe lidmate vorms en 'n "welkompakkie". Kom drink ook saam koffie of tee in die vierkant by ons Koinonia Kafee in die vierkant en neem boeke uit by ons biblioteek - ons sal graag wil kennis maak!